

5 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 1:9-23
FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 1:11**

Hanna se sieleworsteling voor die Here: Haar vernedering en verhoging

Ons sien hier die hartseer, die sieledroefheid van 'n kinderlose vrou op haar knieë voor die Here met 'n onhoorbare gelofte wat sy stamel (vs. 11): "Here, Almagtige, as U ... aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee..."

Sy is 'n vrou wat vernederd voel, ellendig en bitter hartseer, maar wat in die tempel haar hart voor die Here uitstort met alles wat sy het, want sy het geglo. Sy voel klein voor die Here, die Almagtige, en krimp voor Hom ineen, want om kinderloos te wees, was in daardie tyd 'n skande. Boonop het Peninna dit uitgebuit omdat sy kinders vir Elkana kon voortbring. Eli, die hoëpriester, wat haar worsteling voor die Here aanskou, dink sy is dronk. "Loop word eers nugter!" sê hy vir haar. Sy voel soos 'n uitgeworpene.

Maar die Here sien haar sieleworsteling en hoor haar noodroep. Voor Hom is sy nie 'n uitgeworpene nie. Hy verhoor haar gebed en gee vir haar haar grootste geskenk, 'n seun wat sy Samuel noem. Sy gee hom weer vir die Here om in sy tempel in sy diens te staan, volgens die gelofte wat sy afgelê het. So tel die Here hierdie worstelende vrou uit haar vernedering op en verhoog haar.

Gaan na die Here toe in jou worsteling, bid tot Hom en moenie op jouself vertrou nie. Hy maak deure oop. Hy verneder en verhoog, net soos wat Jesus, veel later in die Nuwe Testament verneder en verhoog is. Moenie in sy almag twyfel en in moedeloosheid wegsink nie. Hy sal jou nooit loslaat nie! Volhard in gebed!

Sing: Psalm 138:4 (Totius)

Ds Pieter van der Walt (Bethlehem)